# JAKARANDA VOORTREKKERKAMP
## 2024

Altyd Altyd

15 Maart 2024

Beste Verkenner

Baie welkom op die 39ste Jakaranda Voortrekkerkamp. Alle kampinligting, asook 'n roetekaart na die Hartebeesfontein Jeugkampterrein, is ook op die webwerf by http://jakaranda.voortrekkers.org.za/ beskikbaar.

**LEES HIERDIE BRIEF SAAM MET JOU OUERS DEEGLIK DEUR!!**

**1. Die belangrike kampinligting waarvan jy moet weet**

1.1 Die kamp duur amptelik vanaf Woensdag 27 Maart 2024 om 17h00 tot Sondag 31 Maart 2024 om 11h30. Jy kan reeds vanaf 15h00 op Woensdag 27 Maart 2024 jou tent kom opslaan en inrig. Alle Verkenners slaap by hulle ouer/s / eie tent by ouers.

1.2 Met jou aankoms sal offisiere die bestuurder van die voertuig waarin jy is, stop om jou sommer gou elektronies te registreer. Luister asseblief mooi na **waarheen** en **hoe** julle moet ry om sodoende 'n verkeersopeenhoping te vermy.

1.3 Bring ook asseblief al jou medikasie dadelik na die Noodhulpkamer waar dit veilig bewaar sal word. Noodhulppersoneel sal seker maak dat medikasie getrou en korrek geneem word. Bring ook chroniese en ander spesiale medikasie saam. Neem asseblief kennis van die Nood- en Medikasie inligtingsvorm wat voltooi moet word om saam met die medikasie by die noodhulp ingehandig te word. Wetgewing vereis dit vir die toediening van medikasie.

1.4 Klere en slaapgoed moet netjies en kompak gepak word, sodat items maklik gevind en ook droog gehou kan word. Hou klerasie en slaapgoed apart. Moet asseblief NIE met 'n rugsak en/of 'n klomp los goed op die kamp aankom nie. Onthou om 'n plastiese sak in te pak om nat klere in huis toe te neem.

1.5 Ons eet almal Woensdagaand saam uit die kampkombuis. Onthou dus om jou bordesak byderhand te hou. Jy ontvang gedurende die kamp drie gebalanseerde maaltye per dag asook koeldrank en snoeperye met koeldranktyd. Daar sal wel 'n snoepie beskikbaar wees tydens die kamp. Geld is hiervoor vooraf inbetaal.

1.6 Radio's, bandspelers, elektroniese speletjies, balle, jagmesse, knipmesse en ander speelgoed word nie toegelaat nie. Horlosies en ander waardevolle artikels soos oorbelle, hangertjies, selfone en ipods moet ook liefs tuis gelaat word. Die kamp aanvaar geen verantwoordelikheid as artikels verlore raak of beskadig word nie.

1.7 Geen vuurhoutjies, gaslampe en kerse word toegelaat nie (net flitse, sonpaneelliggies).

1.8 Jy neem deel aan die kampprogram en aktiwiteite soos deur kampleier bepaal. Neem asb kennis dat **geen drank, dwelms, rook of wangedrag op kampe hoort nie en diegene wat hul skuldig maak aan sodanige wangedrag onmiddelik gevra sal word om die**

**kamp te verlaat.**

1.9 Foto's geneem tydens die kamp word gepubliseer op Facebook, Jakaranda Voortrekkerkamp, en word gebruik vir bemarking van die kamp.

## 2. Wat jy moet saambring

2.1 Voorsien jou eie slaapplek. Elke tent moet 'n emmer hê wat as brandemmer gebruik word.

2.2 Sakbybel

2.3 Vier stelle kampklere vir gedurende die dag.
Om jou teen die son te beskerm is die dra van frokkies en drafbroekies ontoelaatbaar.
Dogters mag kniebroeke en langbroeke dra maar nie kort kortbroeke nie. Die broekie moet ‛n behoorlike broekspyp hê. Skouerlose rokkies en bloesies moet liefs vermy word weens die gevaar van sonbrand.

2.4 Bring gemaklike skoene. Die terrein is soms bietjie rof.

2.5 Slaapklere of 'n sweetpak.

2.6 'n Stel warm klere vir die aande. Dit word koud.

2.7 'n Toiletsakkie met alles wat jy nodig het. Onthou ook "Lip - ice" vir jou lippe, "Tabbard" teen die muskiete en sonbrandroom.

2.8 'n Swembroek met ‛n handdoek vir swem en/of stort.

2.9 'n Bordesak met 'n onbreekbare diep bord, 'n bakkie vir nagereg of ontbytpap, 'n beker, mes, vurk en lepel. 'n Sponsie om mee te was en 'n afdroogdoek om mee af te droog. Daar is elf etes indien jy 'n papierbord binne-in jou ander bord wil sit.

2.10 'n Goeie warm slaapsak. Oorlewingskomberse of swart plastieksakke om onder te slaap bied nie genoeg beskerming nie .

2.11 'n Flits en 'n ekstra stel batterye.

2.12 ‛n Reëjas.

2.13 ‛n Vol rol toiletpapier – bring na administrasie.

2.14 ‛n Pakkie koekies met ‛n vulsel – bring na administrasie.

2.13 ‛n Lekker positiewe gesindheid.

Indien jy enige navrae het is jy welkom om Nicolette Koukeas by 082 921 5955 te kontak.

Voortrekkergroete

Jan-Albert de Kock
KAMPLEIER

Nicolette Koukeas
KAMPSEKRETARESSE